
LANDBOUWEEKBLAD
10 Oct 2014, p.36



**BOEDELBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



# Polis moet skuld, belasting dek

**Lewenspolisse wat bedoel is om by dood skuld te dek, hou ook 'n paar risiko's vir jou en jou naasbestaandes in.**

Ek kyk spesifiek na 'n vraag van 'n leser: Wat gebeur by dood as die polis gesedeer is, maar die skuld is intussen afbetaal? Moet die lener die polis staak of kan hy die begunstigde van die polis verander en met die polis voortgaan?

Dit is die goeie reg van iemand wat geld leen of goed op krediet verkoop, om te eis dat die lener 'n lewenspolis uitneem wat die uitstaande skuld sal dek in geval van dood. In die geval van 'n bank of ander kredietverskaffer maak die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) daarvoor voorsiening dat die bedrag lewensdekking nie meer sal wees nie as die uitstaande skuld.

As lener het jy die reg om te kies deur wie jy die polis wil uitneem. Jy kan selfs 'n bestaande polis gebruik om te sedeer aan die kredietverskaffer. By dood kan die kredietverskaffer net die bedrag teen die polis verhaal wat nog uitstaande is.

Daar is 'n verskil tussen 'n polis sedeer en 'n polis begunstig. Moenie 'n polis vir skulddekking begunstig nie. As jy 'n polis begunstig, betaal dit uit aan die begunstigde, of jy daardie mens geld skuld of nie. Jy sedeer 'n polis vir skuld en jy beperk die bedrag tot die uitstaande skuld.

Maak seker daar is 'n skriftelike kontrak. Moenie mense se woord aanvaar nie. Geld het 'n verstommende uitwerking op party mense se integriteit.

Maak seker jou risiko is beperk tot daardie spesifieke kontrak. Talle mense teken byvoorbeeld borg by banke vir kinders en meen as die kind se skuld betaal is, is hulle verlos van die borgstelling. Dis gewoonlik nie so nie. Maak seker en herroep dit.

> Maak seker daar is 'n skriftelike kontrak. Geld het 'n verstommende uitwerking op party mense se integriteit.

**KORTOM**

- Moenie 'n polis begunstig vir skulddekking nie. Dit sal aan die mens uitbetaal, of jy hom geld skuld of nie.
- Sedeer 'n polis vir skuld en beperk dit tot die skuldbedrag.
- As jy 'n polis uitneem om skuld te dek, doen dit vir 25% meer as die skuldbedrag om boedelbelasting in ag te neem.

## BOEDELBELASTINGPROBLEEM

As jy 'n polis uitneem om skuld te dek, stel ek voor jy neem dit vir 'n bedrag wat 25% meer is as die leningsbedrag om toe te laat vir boedelbelasting, as boedelbelasting betaal moet word. Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) ag 'n polis op jou lewe as eiendom in jou boedel vir die berekening van boedelbelasting. Dit geld ook polisse vir die dekking van uitstaande skuld.

Daar is net drie uitsonderings: 'n Polis wat (i) deel vorm van 'n huwelikskontrak en betaalbaar is aan 'n gade of kind, wat (ii) finansiering verskaf vir 'n koop-en-verkooptransaksie en (iii) 'n sogenoemde derdepartypolis (bv. sleutelpersoondekking). Nie een daarvan is hier van toepassing nie.

Boedelbelasting op polisopbrengste word nie betaal deur die eksekuteur soos algemeen die geval is nie, maar deur die begunstigde aan wie die polisopbrengs uitbetaal.

Die probleem vir jou (of dan jou boedel) is dat as die uitstaande skuld net deur die polisopbrengs gedek word, kan die skuldeiser nie die volle uitstaande skuld in nie. Hy of sy kan dan 'n eis teen jou boedel instel, wat weer 'n nadelige gevolg vir jou naasbestaandes kan hê as daar minder kontant is as wat nodig is om die boedel af te handel.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en bestuurende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**